LOURENSRIVIER GEMEENTE

Joh 12:24

"Voorwaar, voorwaar Ek sê vir julle, as die koringkorrel nie in die grond val en sterf nie, bly dit alleen; maar as dit sterf, dra dit veel vrug."

www.lourensrivier.co.za | Tel: 021 8535991

17 September 2017

WELKOM BY ONS EREDIENS!

Diens: Ds Leopold van Huyssteen
VYFTIENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD
Fokusteks uit Leesrooster: Eks 14:19-31
RCL tekste: Ps 114; Rom 14:1-12; Mat 18:21-35
Deurkollekte: Uitreikfonds

BELOFTELAND: 09:00 (3jr - Gr R)

DINAMIET KIEDZ: 09h00-10h15

AFSLUITING VIR KWARTAAL

Navrae: Sanel Woodward:
021 854 8276 OF 082 706 8642

LIFELINE JEUG: Gr. 8 - 12 in Kerk @ 17:30

Constant @ 072 224 3267
JT @ 082 585 7578

KNIEWERK: Leopold vir boodskap

- Bly bid asseblief steeds vir reën en vir die boere wat swaarkry, maar bowenal, bid asseblief dat mense opreg na God draai en hul lewens daarvolgens verander.
- Kankerbehandeling: Owen Wallis; Annette Laten
- Jan Volschenk word tuis versorg. Bid asb vir genesing na bestraling
- Christine Steenberg herstel na hospitalisasie
- Direlle Geldenhuys herstel na operasie
- Ons innige meegevoel met Marie van der Spuy & familie met heengaan van haar swaer
- Stanley Oosthuizen & Sannie le Roux sê baie dankie vir al die gebede. Daar is verbetering en dit gaan goed.

FOKUSTEKS: Eks 14:19-31

Hierdie gebeure het so 'n invloed op Moses gehad, dat hy selfs 'n gedig/lied daaroor geskryf het (Eks.15:1–19) Hierdie lied kyk nie slegs terug na die gebeure nie, dit kyk vorentoe: as God vir Israel so kon help teen die Egiptenaars, sal Hy ook vir hulle help in die toekoms. Wanneer die skrywer van die Hebreërbrief oor die geloofshelde skryf, maak hy ook melding van hierdie gebeure (Hebr.11:29). Die Here God het die hemel en aarde op sy eie geskape en Hy onderhou dit op sy eie. Na die skepping, gebruik God juis Sy skepping in Sy diens om Sy wil te doen. Hy het die mag om op sy eie te werk, maar werk juis deur sy volgelinge. Ons dink dikwels dat wat ons vir God doen, niks beteken nie, maar wanneer God ons roep en 'n opdrag gee (en ons dit doen), dan gebruik God juis ons gewilligheid en gehoorsaamheid tot Sy eer. Laat ons nie dit wat ons vir God doen, gering skat nie. Ons werke in Sy hande kan mense se lewens verander en Hom verheerlik.

-Willem Botes-

GEBEDSTEMA: SEPT 2017

LENTE IN MENSEHARTE: Week 17-23 Sept

HERE BRING VREUGDE IN MY HART

Fil 4:4 & 1 Tes 5:16 "Wees altyd bly in die Here"
Mat 5:12 "Wees bly en verheug"
Ps 118:1 "Loof die Here"
Jes 35:2 "die woestyn – sal juig"
Hemel Heer ek wil lofsing tot U eer in tye van blydskap en vreugde maar ook in woestyn en hartseer tye omdat U Vreugdelig my ten alle tye omvou. Here laat U Vreugdelig voortdurend in my hart skyn en ek die vreugde en krag ondervind wat daaruit voortvloei, verheug oor U voortdurende Vreugdelig wat altyd helder skyn en my troos en bemoedig wat my op hoë plekke laat veilig loop. Here help my om n vreugdevolle dankbare lewe te lei en so ook U Vreugdelig na ander sal oordra. Here laat U Vreugdelig in my hart skyn en lof as offer my al nader aan U bring.

KOM WORD DEEL VAN DIE HARTKLOP VAN ONS GEMEENTE!

Skakel in by onderstaande Gemeente-aksies of 'n Omgee/ Kleingroep (kontak Kerkkantoor , 021 853 5991)

HOU ASB IN GEDAGTE DAT DIT 'N JAAR-PROGRAM IS, DUS SAL DAAR ONDERLINGE REëLINGS WEES INDIEN DAAR AFWYKINGS IN TYE OF DATUMS IN DIE WEEK IS

MAANDAG:

19h00: Rapha Vrouegroep (elke 2de Ma.)
Jackie Strauss; 084 505 2908;
(Sien byeenkomsdatums in Gemeentegids)

19h30: Kooroefening @ Kerkgebou
Stephan Meyer; 082 832 9420

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DINSDAG:

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 2&3 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

WOENSDAG:

08h00: Sr. Mannebyeenkoms @ Moederskamer;
Louis Steyn; 083 415 3031

09:00: Gebedsgroep in Moederskamer;
Riana van Huyssteen; 084 888 8614

09h00 of 19h00: Veritas Bybelskool: Module 1&4 **@ Konsistorie of Raadsaal.**

12h30: SNUFFELMARK @ Kerksaal
Elke laaste Wo. van maand
Skakel Kerkkantoor: 021 853 5991

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

DONDERDAG:

09h00 Gebedskursus
Kontak: Annalie Botes @ 021 854 4620

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

VRYDAG:

05h30: Mannebyeenkoms @ Smiling Oven;
Nic Huisman; 082 552 2423

06h00: Mannebyeenkoms @ Konsistorie
Ds. Leopold

19h00: #espresso-jouself Koffiekroeg vir jong volwassenes **@ Kleinsaal (Broadway-kant)**
Pieter Mouton; 083 391 5507

~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

MAT 18:20 "want waar twee of drie in my Naam saam is, daar is Ek by hulle."

NUWE INTREKKERS?

Baie

by ons Gemeente!

In die voorportaal is 'n boekie waarin jy jou besonderhede kan aanteken waarna iemand in die Kerkkantoor jou sal kontak.

Die boekie is ook daar vir ENIGE IEMAND wat 'n huis-besoek verlang, voorstelle, of gebedsversoek het.

DE KOFFIE LIEFHEBBER

Kom drink na die diens
'n heerlike koppie tee/ koffie in die voorportaal saam met ons.

PRODUKTE WAT BENODIG WORD VIR DIE KOSKAS

ONTHOU produk (te) hoef nie meer as R20 te wees nie.....
ELKE BIETJIE HELP

(Gebruik mannasakke by deure of gee vir Wyk se Kosmandjie)

Pakkies Sop en sakkies sopmengsels
Blikkies Vis & Bief
Blikkies gemengde groente
Pakkies Soya Mince
2 Minute Noodles
Spaghetti & Macaroni
Klein pakkies suiker, koffie en tee
Poeiermelk & Boksies melk
Toiletpapier
Tandepasta, Seep, Sjampoe, Doekies
Skoonmaakmiddels

DIT WORD Sóóó WAARDEER!
~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~~

IS DAAR DAE WAT JY **"AF"** VOEL?
KRY JY **SWAAR**?
SUKKEL JY OM GEESTELIK EN LIGGAAMLIK **STERK** TE BLY?
HET JY **GEBED** OF **BEMOEDIGING** NODIG?
ONS WIL JOU SÓ GRAAG BYSTAAN!

Kontak: Joubert van Tonder @ 082 949 2045

TERUGVOERING / GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag ook weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid.
Hou ons asb op hoogte. Skakel kerkkantoor @ 021 853 5991

"VERLORE" BORDE"

Hierdie pragtige borde is nog in ons kantoor en ons weet nie aan wie dit behoort nie.

Dit het agtergebly na vorige kerkfunksies.

Kontak: 021 853 5991

STRAND DIENSSENTRUM

Strand Dienssentrum
ACVV Dienstak

OPVOERING: "MAN/MANNIN"

Hierdie woordbeeld gaan oor die saam-loopdae van die Man en die Vrou vanaf:
hulle jong dae; hulle huweliksdae; hulle ouer/kind dae; hulle laaste dae!
Kom geniet met 'n lag en 'n traan, hierdie reis saam met CAREL TRICHARDT EN PETRU WESSELS
4 Oktober 2017, TYD: 09h30 vir 10h00

SLEGS R60 PER PERSOON

Heerlike eetgoed sal met die tee voorsien word! Bespreek u plek vroegtydig!

Kaartjies by Strand Dienssentrum Ontvangs te koop: 021-854 4552

Hou u kaartjies vir prystrekkings!

Jy kan nou die **ZAPPER selfoon toepassing** as 'n addisionele manier vir Bankkollekte en Dankoffer bydraes gebruik.

Laai die "APP" gratis af van jou selfoon se "app store"
Jy sal van elke transaksie verwittig word deur Zapper.

Vir meer inligting of navrae: Charlene @ 021 853 5991

zapper
pay with
VISA
and many more
www.zapper.com
scan to pay this bill

TUINPARADYS VOEDSELFEES: 2 SEPTEMBER 2017

Hiermee ons hartlike dank….

- Heel eerste aan ons Hemelse Vader vir al die seëninge wat ons ontvang het om van hierdie Voedselfees so 'n groot sukses te maak. Alles tot uitbreiding van Sy Koninkryk.
- Aan al die Sameroepers wie se tafels so pragtig versier was met al die lekkernye, pannekoek, plantjies, te veel om op te noem.
- Aan elkeen wat bygedra het tot die Tombolatafel vir die Kindertent
- Aan ons gemeente wat ons wonderlik ondersteun het, asook die heerlike saamkuier by ons fees.
- Aan Leza van der Spuy vir die foto's, wat boekdele spreek van 'n wonderlike fees der feeste.
- Aan al ons nuwe lidmate wat so mooi ingeskakel het en behulpsaam was op vele terreine.

EN aan ons borge!!!!

1. Elmarie de Villiers van Cape Beronda Freight (geskenkbewyse)
2. De Kelders, Somerset-Wes (geskenkbewyse)
3. Ocean Basket, Somerset-Wes (geskenkbewyse)
4. Wimpy, Strand (geskenkbewyse)
5. Strand KWIKSPAR (deeg geskenk vir roosterkoeke)
6. Evergreen Office National vir skryfbehoeftes vir die Kindertent se Tombolatafel
7. Ben Burger vir die plantjies
8. Callie Botha wat weereens hierdie jaar sy tent beskikbaar gestel het
9. Annie Snyman vir al die gebak (ook Sondag se eetgoed) asook eetgoed geskenk

Voedselfeesgroete, Gerda en Apolonia

LIFELINE YOUTH:
BELYDENISAFLEGGING GESPREK,
Sondagaand, 17 Sept @ 17h30 met
yummmie Wafels & Roomys!

Kontak:
Constant @ 072 224 3267 of Liesbet @ 073 630 0268